Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

*Buitengewone*

# Staatskoerant

# Government Gazette

*Extraordinary*

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

(REGULASIEKOERANT No. 294)

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY – POST FREE

(REGULATION GAZETTE No. 294)

VOL. XI.] PRETORIA, 31 JANUARIE 31 JANUARY 1964. [No. 712

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

No. R. 136.] [31 Januarie 1964.

### BURO VIR STATISTIEK.

KENNISGEWING VAN HERROEPING VAN SEKERE SENSUSREGULASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om ondergenoemde regulasies wat kragtens die bepalings van artikel *twaalf*, gelees met subartikel (2) van artikel *sestien* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), uitgevaardig is, met ingang van die datum van publikasie hiervan, te herroep:—

HERROEPE SENSUSREGULASIES.

| *Titel.* | *Nommers en datums van Proklamasie en Staatskoerant.* |
|---|---|
| Plaaslike Bestuur | G.K. No. 1245 van 23/7/1920.<br>S.K. No. 1077 van 23/7/1920. |
| Onderlinge Hulpverenigings | G.K. No. 181 van 16/2/1934.<br>S.K. No. 2169 van 16/2/1934. |
| Koringvoorrade: | |
| Opgawes verstrek te word | G.K. No. 1528 van 26/10/1934.<br>S.K. No. 2229 van 26/10/1934. |
| Sensus van die Motorbedryf | G.K. No. 481 van 28/3/1958.<br>S.K. No. 6038 van 28/3/1958. |
| Sensus van die Motorbedryf | G.K. No. 570 van 24/4/1959.<br>S.K. No. 6208 van 24/4/1959. |

No. R. 137.] [31 Januarie 1964.

### BURO VIR STATISTIEK.

REGULASIES.

SENSUS VAN MAATSKAPLIKE WELSYNS-ORGANISASIES OF -INRIGTINGS.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), die volgende regulasies in verband met die versameling van statistieke ten opsigte van maatskaplike welsynsorganisasies of -inrigtings ter vervanging van die regulasies opgestel kragtens artikel *tien* van die "Statistieken Wet", 1914 (Wet No. 38 van 1914), soos van tyd tot

## GOVERNMENT NOTICES.

No. R. 136.] [31 January 1964.

### BUREAU OF STATISTICS.

NOTICE OF WITHDRAWAL OF CERTAIN CENSUS REGULATIONS.

It is hereby notified for general information that the State President has been pleased to withdraw, with effect from the date of publication hereof, the following regulations framed in terms of the provisions of section *twelve*, read with sub-section (2) of section *sixteen* of the Statistics Act (Act No. 73 of 1957), and published under the following Government Notices:—

WITHDRAWN CENSUS REGULATIONS.

| *Title.* | *Numbers and dates of Proclamation and Government Gazette.* |
|---|---|
| Local Authority | G.N. No. 1245 of 23/7/1920.<br>G.G. No. 1077 of 23/7/1920. |
| Friendly Societies | G.N. No. 181 of 16/2/1934.<br>G.G. No. 2169 of 16/2/1934. |
| Stocks of Wheat:— | |
| Returns to be rendered | G.N. No. 1528 of 26/10/1934.<br>G.G. No. 2229 of 26/10/1934. |
| Census of the Motor Industry | G.N. No. 481 of 28/3/1958.<br>G.G. No. 6038 of 28/3/1958. |
| Census of the Motor Industry | G.N. No. 570 of 24/4/1959.<br>G.G. No. 6208 of 24/4/1959. |

No. R. 137.] [31 January 1964.

### BUREAU OF STATISTICS.

REGULATIONS.

CENSUS OF SOCIAL WELFARE ORGANIZATIONS OR INSTITUTIONS.

The State President has, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), made the following regulations in regard to the collection of statistics relating to social welfare organizations or institutions in substitution for the regulations framed under the provisions of section *ten* of the Statistics Act, 1914 (Act No. 38 of 1914), as amended from time to time

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



tyd gewysig, en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 138 van 16 Januarie 1920, uitgevaardig:—

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het elke uitdrukking waaraan in die Wet op Statistieke, 1957, 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg, en beteken—

(i) "boekjaar" met betrekking tot 'n maatskaplike welsynsorganisasie of -inrigting, die tydperk van twaalf maande wat deur die geldelike opgawes en state van daardie organisasie of inrigting gedek word;

(ii) "maatskaplike welsynsorganisasie of -inrigting" enige staats-, staatsondersteunde of private organisasie of inrigting waarvan die doelstelling is om by te dra tot of onderstand, hulp, beskerming en onderdak te verskaf aan persone of diere wat in nood verkeer, behoefte het aan bystand of dakloos is en sluit in, sonder om die betekenis van die uitdrukking te beperk, organisasies of inrigtings wat die volgende is of beheer nl. 'n weeshuis, kinderhuis, bewaarskool, herstellingsoord, ouetehuis of tehuis vir verswaktes, inrigting vir verstandelik vertraagdes, liggaamlik beproefde of gebreklike persone, reddingshuis, herberg vir mans en vrouens, armetehuis en enige verwante inrigting, maar sluit nie 'n onderlinge hulpvereniging [soos omskryf in die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (Wet No. 25 van 1956), soos gewysig], of 'n organisasie of inrigting wat belang het by sake wat binne die bestek val van regulasies betreffende die versameling van statistieke ten opsigte van gesondheidsdienste, akkommodasiedienste en behuising, in nie.

2. Die persoon in beheer van 'n maatskaplike welsynsorganisasie of -inrigting verstrek elke jaar aan die Direkteur van Statistiek, op of voor 30 September van daardie jaar, of binne 'n verdere tydperk van verlenging van nie meer as sestig dae nie soos deur die Direkteur toegestaan mag word, 'n opgawe op 'n vorm wat ten opsigte van die betrokke maatskaplike welsynsorganisasie of -inrigting en van die boekjaar of enige gedeelte daarvan wat gedurende die tydperk 1 Julie van die vorige jaar tot en met 30 Junie van daardie jaar geëindig het, die gevraagde besonderhede en inligting aandui soos uiteengesit in regulasie 3. Die inligting word verstrek op 'n vorm wat die Direkteur aan hom uitreik.

3. Die volgende besonderhede en inligting moet in die opgawe gemeld in regulasie 2, verstrek word:—

(i) Naam en adres van organisasie of inrigting.

(ii) Beskrywing van werksaamhede van organisasie of inrigting en deur wie beheer.

(iii) Boekjaar deur die opgawe gedek.

(iv) Getal voltydse en deeltydse werknemers soos op 30 Junie ingedeel volgens ras, geslag en beroepsgroep.

(v) Salarisse, lone en toelaes aan voltydse en deeltydse werknemers gedurende die maand Junie betaal, ingedeel volgens ras, geslag en beroepsgroep.

(vi) Getal inwonendes of persone wat bystand ontvang het, persone toegelaat en ontslaan, ingedeel volgens ras, geslag en ouderdomsgroepe.

(vii) Inkomste en uitgawes gedurende die boekjaar.

(viii) Kapitaaluitgawes gedurende die boekjaar.

(ix) Opsomming van bates en laste aan die einde van die boekjaar.

4. Enige persoon wat, sonder redelike oorsaak, versuim om aan die bepalings van regulasie 2 te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of, in die geval van 'n voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

and published under Government Notice No. 138 of the 16th January, 1920:—

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning is assigned in the Statistics Act, 1957, has the meaning so assigned thereto, and—

(i) "financial year" means, in relation to a social welfare organization or institution, the period of twelve months covered by the financial returns and statements of that organization or institution;

(ii) "social welfare organization or institution" means any Government, State-aided or private organization or institution, the object of which is to afford or contribute towards the relief, assistance, protection, or shelter to persons or to animals who are in distress, in need of succour, or homeless, and shall include, without limiting the scope of the term, organizations or institutions which are or conduct an orphanage, children's home, créche, home for convalescent, aged or infirm persons, institution for mentally retarded, physically afflicted or handicapped persons, rescue home, shelter for men and women, almshouse and any kindred institution, but shall not include a friendly society [as defined in the Friendly Societies Act, 1956 (Act No. 25 of 1956), as amended], or an organization or institution concerned with matters falling within the scope of regulations governing the collection of statistics relating to health services, accommodation services and housing.

2. The person in charge of a social welfare organization or institution shall each year render to the Director of Statistics, Pretoria, on or before 30th September of that year, or within a further period of extension not exceeding sixty days as may be granted by the Director, a return on a form indicating the particulars and information required as set out in regulation 3, in respect of such social welfare organization or institution and for its financial year or any part thereof which ended during the period 1st July of the previous year up to and including 30th June of that year. The information shall be furnished on a form which the Director will issue to him.

3. The following particulars and information shall be furnished in the return referred to in regulation 2:—

(i) Name and address of organization or institution.

(ii) Description of activities of organization or institution and by whom controlled.

(iii) Financial year covered by return.

(iv) Number of full-time and part-time employees as at 30th June classified according to race, sex and occupational group.

(v) Salaries, wages and allowances paid to full-time and part-time employees during the month of June, according to race, sex and occupational group.

(vi) Number of residents or persons assisted, admissions and discharges, according to race, sex and age groups.

(vii) Revenue and expenditure during the financial year.

(viii) Capital expenditure during the financial year.

(ix) Summary of assets and liabilities as at the end of the financial year.

4. Any person who, without reasonable cause, fails to comply with the requirements of regulation 2, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or, in the case of a continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding two rand for every day during which such failure continues.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 138.] [31 Januarie 1964.

## BURO VIR STATISTIEK.

### REGULASIES.

### SENSUS VAN WOL- EN BOKHAARVOORRADE.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), die volgende regulasies in verband met die versameling van statistieke ten opsigte van wol- en bokhaarvoorrade ter vervanging van die regulasies opgestel kragtens artikel *tien* van die " Statistieken Wet ", 1914 (Wet No. 38 van 1914), soos van tyd tot tyd gewysig, en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 885 van 15 Mei 1942, uitgevaardig:—

1. Elke persoon in die Republiek van Suid-Afrika wat die eienaar of bestuurder is van of iemand anders wat belas is met die toesig oor 'n pakhuis waar wol en/of bokhaar opgeberg word, moet binne vier dae na die end van elke maand, op 'n vorm soos in die Bylae hieronder uiteengesit wat hy van die Direkteur van Statistiek, Pretoria, moet verkry, 'n opgaaf verstrek aan die Direkteur van Statistiek, Pretoria, van die hoeveelheid en soort wol en/of bokhaar wat op die laaste dag van die maand in sodanige pakhuis in voorraad was.

Enige persoon van wie 'n opgawe kragtens hierdie regulasies vereis word en wat, sonder redelike oorsaak, versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of, in geval van 'n voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

### BYLAE.

| *Omskrywing.* | *Nie-verkoop.* | *Verkoop en wagtende op verskeping.* |
|---|---|---|
| Merinovetwol | ............ bale. | ............ bale. |
| Karakoelvetwol | ............ bale. | ............ bale. |
| Growwe en gekleurde vetwol | ............ bale. | ............ bale. |
| Gewaste Merinowol | ............ bale. | ............ bale. |
| Gewaste Karakoelwol | ............ bale. | ............ bale. |
| Gewaste growwe en gekleurde wol | ............ bale. | ............ bale. |
| Bokhaar | ............ bale. | ............ bale. |
| TOTAAL | ............ bale. | ............ bale. |

No. R. 138.] [31 January 1964.

## BUREAU OF STATISTICS.

### REGULATIONS.

### CENSUS OF STOCKS OF WOOL AND MOHAIR.

The State President has, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), made the following regulations in regard to the collection of statistics relating to stocks of wool and mohair, in substitution for the regulations framed under the provisions of section *ten* of the Statistics Act, 1914 (Act No. 38 of 1914), as amended from time to time, and published under Government Notice No. 885, dated the 15th May, 1942:—

1. Every person in the Republic of South Africa who is the owner or manager or other person in charge of any warehouse where wool and/or mohair is stored shall render to the Director of Statistics, Pretoria, within four days of the end of each month, on a form as set forth in the Schedule hereto, which he shall obtain from the Director of Statistics, Pretoria, a return furnishing the quantity and class of wool and/or mohair in stock in such warehouse on the last day of the month.

2. Any person of whom a return is required in terms of these regulations who, without reasonable cause, fails to comply with these regulations, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or, in the case of a continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding two rand for every day during which such failure continues.

### SCHEDULE.

| *Description.* | *Unsold.* | *Sold and awaiting shipment.* |
|---|---|---|
| Merino wool in the grease | ............ bales. | ............ bales. |
| Karakul wool in the grease | ............ bales. | ............ bales. |
| Coarse and coloured wool in the grease | ............ bales. | ............ bales. |
| Merino wool—scoured | ............ bales. | ............ bales. |
| Karakul wool—scoured | ............ bales. | ............ bales. |
| Coarse and coloured wool:— | | |
| Scoured | ............ bales. | ............ bales. |
| Mohair | ............ bales. | ............ bales. |
| TOTALS | ............ bales. | ............ bales. |

No. R. 139.] [31 Januarie 1964.

## BURO VIR STATISTIEK.

### REGULASIES.

### SENSUS VAN DIE VISVANGNYWERHEID.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), die volgende regulasies in verband met 'n jaarlikse versameling van statistieke ten opsigte van die visnywerheid ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 979 van 1 November 1961, uitgevaardig:—

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies beteken—

" vervaldatum " 31 Oktober van enige besondere jaar;

" vis " enige soort seevis of seesoogdier, en sluit in walvisse, robbe, seevarke, waterskilpaaie, skulpvisse, oesters, skubdiere, seewurms en askideë, en die eiers, broeisel of kleintjies, of enige gedeelte van vis, soos hierin omskryf;

No. R. 139.] [31 January 1964.

## BUREAU OF STATISTICS.

### REGULATIONS.

### CENSUS OF THE FISHING INDUSTRY.

The State President has, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), made the following regulations in regard to an annual collection of statistics relating to the fishing industry in substitution of the regulations promulgated under Government Notice No. 979 of the 1st November, 1961:—

1. For the purpose of these regulations—

" due date " means the 31st October of any particular year;

" fish " means any species of sea fish or sea mammal, and includes whales, seals, porpoises, turtles, shellfish, oysters, crustaceans, sea worms and ascidians and the spawn, eggs, brood or young, or any part of fish, as herein defined;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"vissery" die kommersiële vang, neem, jag en versameling van vis in see- en kuswaters, waters weg van die kus en binnelandse waters of kunsmatige damme. Dit sluit die in bedryf hou van oesterbeddings, visbroeiplekke en visdamme in;

"visserboot" enige boot wat gebruik word om vis te vang vir handelsdoeleindes;

"vishawe" enige plek langs die kus vanwaar vissersbote uitgaan;

"operateur" die persoon of onderneming vir wie se voordeel die visbedryf onderneem word;

"eienaar" die persoon of onderneming op wie se naam die vissersboot geregistreer is;

"kaptein" die persoon in beheer van 'n vissersboot en kan die operateur soos omskryf, of sy werknemer of die huurder van 'n boot wees;

"kontroleur" in die geval van 'n vishawe waar 'n amptenaar van die Afdeling Visserye gestasioneer is, die verantwoordelike amptenaar, en in die geval van 'n vishawe waar geen amptenaar van die Afdeling Visserye gestasioneer is nie, die amptenaar in bevel van die naaste polisiekantoor of -pos.

2. Die eienaar of operateur van enige vissersboot moet, op of voor die vervaldatum, 'n opgawe verstrek vir die jaar geëindig 30 Junie wat die vervaldatum onmiddellik voorafgaan, met dien verstande dat indien die eienaar of operateur se boekjaar op 'n ander datum as 30 Junie eindig, die opgawe verstrek moet word ten opsigte van die boekjaar wat die vervaldatum onmiddellik voorafgaan. In so 'n opgawe moet hy al die gegewens verstrek wat in die aanhangsel hiervan uiteengesit is, of soveel van die gegewens as wat deur die Direkteur van Statistiek verlang word en wat uiteengesit is op 'n vorm deur die Direkteur uitgereik. Die vorm vir die doel van die verstrekking van die opgawe kan op mondelinge of skriftelike aansoek van 'n kontroleur of van die Direkteur van Statistiek, Pretoria, verkry word.

3. Die eienaar of operateur moet die opgawe aan die kontroleur van die Sensus adresseer en dit aflewer of pos aan die kontroleur of adresseer en pos aan die Direkteur van Statistiek, Pretoria.

4. Enige eienaar of operateur wat, sonder redelike oorsaak, versuim om aan hierdie regulasies te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of, in die geval van 'n voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

## AANHANGSEL VAN REGULASIES.

(*Sien regulasie* 2.)

1. Eienaar of operateur.

(*a*) Naam en adres.

(*b*) Ras.

(*c*) Regstatus.

(*d*) Beroep, bedryf of professie.

2. Vissersboot.

(*a*) Naam.

(*b*) Registrasienommer.

(*c*) Naam van vishawe waar geregistreer.

(*d*) Soort.

(*e*) Perdekrag.

(*f*) Lengte en tonnemaat.

(*g*) Doeleinde(s) waarvoor gebruik.

3. Werkgeleentheid.

(*a*) Getal, ras en soort.

(*b*) Kontantlone, geldwaarde van betalings in natura.

(*c*) Kontrakbetalings.

"fishing" means the commercial catching, taking, hunting and gathering of fish in ocean, coastal, off-shore and inland waters or artificial dams. It includes the operation of oyster beds, fish hatcheries and fishing preserves;

"fishing boat" means any vessel used for the catching of fish for purposes of trade;

"fishing harbour" means any place along the coast from which fishing boats operate;

"operator" means the person or concern for whose benefit the business of fishing is carried on;

"owner" means the person or concern in whose name a fishing boat is registered;

"skipper" means the person in charge of a fishing boat, and may be the operator as defined or his employee or the renter of a boat;

"supervisor" means, in the case of a fishing harbour where an officer of the Division of Fisheries is stationed, the officer in charge, and in the case of a fishing harbour where no officer of the Division of Fisheries is stationed, the officer in charge of the nearest police station or post.

2. The owner or operator of any fishing boat shall on or before due date render a return for the year ending 30th June immediately preceding the due date, provided that if the financial year of any owner or operator ends on a date other than 30th June, the return shall be rendered in respect of the financial year immediately preceding the due date. In such a return he shall furnish all the information detailed in the Annexure hereto, or so much of such information as may be required by the Director of Statistics and set out on a form issued by the said Director. The form for the purpose of rendering the return may be obtained on verbal or written application, from a supervisor or from the Director of Statistics, Pretoria.

3. The owner or operator shall address such return to the supervisor of the Census and deliver or post it to the supervisor, or address and post it to the Director of Statistics, Pretoria.

4. Any owner or operator who, without reasonable cause, fails to comply with these regulations, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or, in the case of a continuing failure to reply therewith, to a fine not exceeding two rand for every day during which such failure continues.

## ANNEXURE TO REGULATIONS.

(Vide *Regulation* 2.)

1. Owner or Operator.

(*a*) Name and address.

(*b*) Race.

(*c*) Legal status.

(*d*) Occupation, trade or profession.

2. Fishing Boat.

(*a*) Name.

(*b*) Registration number.

(*c*) Name of fishing harbour where registered.

(*d*) Type.

(*e*) Horse-power.

(*f*) Length and tonnage.

(*g*) Purpose(s) for which used.

3. Employment.

(*a*) Number, race and type.

(*b*) Cash wages, money value of payments in kind.

(*c*) Contract payments.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



4. Die vangs.

(*a*) Die hoeveelheid en waarde van besondere soorte vis wat gevang is, die wyse van afset en die waarde van die besondere soorte vis wat van die hand gesit is.

5. Bates.

(*a*) Die boekwaarde of markwaarde van bote, visgereedskap, ander uitrusting, geboue en werke.

6. Uitgawes.

(*a*) Lopend: Huur van bote en visgereedskap, waardevermindering, rente en ander lopende uitgawes in verband met vissery.

(*b*) Kapitaal: Aankope van bote, visgereedskap, ander uitrusting, koste van herbou en opnuut uitrus van vissersbote, koste van geboue en werke en ander diverse kapitaaluitgawes in verband met vissery.

7. Inkomste.

(*a*) Verkoop van vis, koppe, lewers, kuit en afval; huur van bote en visgereedskap en ander diverse inkomste in verband met vissery.

No. R. 140.] [31 Januarie 1964.

BURO VIR STATISTIEK.

Onderstaande Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting herpubliseer:—

No. 420.] [21 Maart 1958.

WET OP STATISTIEKE, 1957.

STATISTIEK VAN GROOTHANDEL-, KLEINHANDEL- EN MOTORHANDELINRIGTINGS EN VAN DIENSINRIGTINGS EN -INSTELLINGS.

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, verklaar hierby, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), dat statistieke versamel kan word—

(*a*) van inrigtings en instellings in verband met die groothandel, kleinhandel en motorhandel; en

(*b*) in verband met die dienste, insluitende professionele, proviand-, akkommodasie-, vermaaklikheids-, ontspannings-, sport- en kulturele instellings.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die Minister nou magtiging verleen vir die versameling van statistieke betreffende bogenoemde aangeleenthede waarvoor daar nie spesifiek in die Wet op Statistieke, 1957, voorsiening gemaak is nie.

No. R. 141.] [31 Januarie 1964.

BURO VIR STATISTIEK.

REGULASIES.

VERSAMELING VAN STATISTIEKE BETREFFENDE HUUR VAN WONINGS EN BEDIENDELONE.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), die volgende regulasies uitgevaardig in verband met die versameling van statistieke ten opsigte van huur van wonings en bediendelone ter vervanging van die

4. The Catch.

(*a*) The quantity and value of particular species of fish caught, the manner of disposal and the value of the particular species of fish disposed of.

5. Assets.

(*a*) The book value or market value of boats, fishing gear, other equipment, buildings and works.

6. Expenditure.

(*a*) Current: Hire of boats and fishing gear, depreciation, interest and other current expenditure in connection with fishing.

(*b*) Capital: Purchases of boats, fishing gear, other equipment, cost of rebuilding or refitting fishing boats; cost of buildings and works, and other sundry capital expenditure in connection with fishing.

7. Revenue.

(*a*) Sale of fish, heads, livers, roes and offal, rent of boats and fishing gear and other sundry revenue in connection with fishing.

No. R. 140.] [31 January 1964.

BUREAU OF STATISTICS.

The following Government Notice is republished for general information:—

No. 420.] [21 March 1958.

STATISTICS ACT, 1957.

STATISTICS ON WHOLESALE, RETAIL AND MOTOR TRADE INSTITUTIONS AND ON SERVICE ESTABLISHMENTS AND INSTITUTIONS.

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, under the powers vested in me by sub-section (1) of section *two* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), do hereby declare that statistics may be collected—

(*a*) from establishments and institutions in connection with the wholesale, retail and motor trade; and

(*b*) in connection with services, including professional, catering, accommodation, entertainment, amusement, recreation, sporting and cultural institutions.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

NOTE.—The effect of this notice is that the Minister now authorises the collection of statistics relating to the abovementioned matters which have not been specifically provided for in the Statistics Act, 1957.

No. R. 141.] [31 January 1964.

BUREAU OF STATISTICS.

REGULATIONS.

COLLECTION OF STATISTICS RELATING TO RENTS OF DWELLINGS AND WAGES OF SERVANTS.

The State President has, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), made the following regulations in regard to the collection of statistics relating to rents of dwellings and wages of servants, in substitution for the regulations framed under

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



regulasies opgestel kragtens die bepalings van artikel *tien* van die "Statistieken Wet", 1914 (Wet No. 38 van 1914), soos van tyd tot tyd gewysig, en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 297 van 20 Februarie 1942:—

1. Elke persoon in die Republiek van Suid-Afrika wat die bewoner, eienaar of opsigter van 'n woning of die agent daarvoor is, moet binne sewe dae na die bestelling aan hom van 'n vorm ingevolge hierdie regulasies, op sodanige vorm en ten opsigte van sodanige tydperk as wat deur die Direkteur van Statistiek, Pretoria, bepaal mag word, 'n opgawe verstrek aan genoemde Direkteur of aan 'n beampte deur hom skriftelik daartoe gemagtig wat die besonderhede en inligting bevat soos voorgeskryf in regulasie 2 hiervan, ten opsigte van die woning deur hom bewoon of besit of ten opsigte waarvan hy die opsigter of agent is.

2. Die volgende is die aangeleenthede wat voorgeskryf mag word in die opgawevorm ingevolge hierdie regulasies vereis:—

Die adres van die woning; die tipe woning (huis of woonstel); die getal vertrekke daarin; die materiaal waarvan die buitemure gebou is; die maandelikse huurgeld vir die woning betaal indien die woning gehuur word; die naam, ras, besigheid, bedryf, professie of beroep van die bewoner; die getal persone gewoonlik in die woning woonagtig; die getal huisbediendes in diens en die bedrag van die lone wat kontant en in natura aan hulle betaal word.

3. Enige persoon van wie 'n opgawe ingevolge hierdie regulasies vereis word en wat, na die bestelling aan hom van so 'n vorm, sonder redelike oorsaak, versuim om aan hierdie regulasies te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand, of in geval van 'n voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

No. R. 142.] [31 Januarie 1964.

BURO VIR STATISTIEK.

REGULASIES.

VERSAMELING VAN STATISTIEKE BETREFFENDE KULTURELE INRIGTINGS.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), die volgende regulasies uitgevaardig in verband met die versameling van statistieke ten opsigte van kulturele inrigtings, soos voorgeskryf by Goewermentskennisgewing No. 420 van 21 Maart 1958, ter vervanging van die regulasies opgestel kragtens artikel *tien* van die "Statistieken Wet", 1914 (Wet No. 38 van 1914), soos van tyd tot tyd gewysig, en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1787 van 28 Desember 1917:—

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het elke uitdrukking waaraan in die Wet op Statistieke, 1957, 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg, en beteken—

(i) "boekjaar" met betrekking tot 'n kulturele inrigting, die tydperk van twaalf maande wat deur die geldelike opgawes en state van daardie inrigting gedek word;

(ii) "kulturele inrigting" enige kunsgalery, museum, botaniese tuin, dieretuin, akwarium, flora- en faunareservaat, natuurlike en historiese gedenkwaardigheid, nasionale monument, biblioteek en verwante inrigting waartoe die publiek toegang het.

the provisions of section *ten* of the Statistics Act, 1914 (Act No. 38 of 1914), as amended from time to time, and published under Government Notice No. 297, dated the 20th February, 1942:—

1. Every person in the Republic of South Africa who is the occupier, owner or caretaker of, or the agent for any dwelling shall, within seven days of the service upon him of a form under these regulations, render on such form and in respect of such period as may be determined by the Director of Statistics, Pretoria, to the said Director or to an officer authorised thereto in writing by him, a return containing the particulars and information prescribed in regulation 2 hereof, in respect of the dwelling occupied or owned by him, or in respect of which he is the caretaker or agent.

2. The following shall be the matters which may be prescribed in the form of return, required under these regulations:—

The address of the dwelling; the type of dwelling (house or flat); the number of rooms therein; materials of which outer walls are built; the monthly rental of such dwelling if rented; the name, race and business, trade, profession or calling of the occupier; the number of persons ordinarily resident in such dwelling; the number of domestic servants employed, and the wages in cash and kind paid to them.

3. Any person of whom a return is required in terms of these regulations who, without reasonable cause, after service upon him of such a form, fails to comply with these regulations, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand, or, in the case of a continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding two rand for every day during which such failure continues.

No. R. 142.] [31 January 1964.

BUREAU OF STATISTICS.

REGULATIONS.

COLLECTION OF STATISTICS RELATING TO CULTURAL INSTITUTIONS.

The State President has, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), made the following regulations in regard to the collection of statistics relating to cultural institutions, as prescribed by Government Notice No. 420 of the 21st March, 1958, in substitution for the regulations framed under the provisions of section *ten* of the Statistics Act, 1914 (Act No. 38 of 1914), as amended from time to time, and published under Government Notice No. 1787 of the 28th December, 1917:—

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning is assigned in the Statistics Act, 1957, has the meaning so assigned thereto, and—

(i) "financial year" means, in relation to a cultural institution, the period of twelve months covered by the financial returns and statements of that institution;

(ii) "cultural institution" means any art gallery, museum, botanical garden, zoological garden, aquarium, flora and fauna reserve, natural and historical monument, national monument, library and kindred institution to which the public has access.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



2. Die persoon in beheer van 'n kulturele inrigting verstrek elke jaar aan die Direkteur van Statistiek, Pretoria, op of voor 30 September van daardie jaar, of binne 'n verdere tydperk van verlenging van hoogstens sestig dae soos deur die Direkteur toegestaan mag word, 'n opgawe op 'n vorm wat ten opsigte van die betrokke kulturele inrigting en vir die boekjaar of enige gedeelte daarvan wat gedurende die tydperk 1 Julie van die vorige jaar tot en met 30 Junie van daardie jaar geëindig het, die vereiste besonderhede en inligting verstrek soos uiteengesit in regulasie 3, behalwe in die geval van 'n biblioteek waar die datums onderskeidelik 31 Oktober, 1 Augustus en 31 Julie is. Die inligting word verstrek op 'n vorm wat die Direkteur aan hom uitreik.

3. Die volgende besonderhede en inligting moet in die opgawe gemeld in regulasie 2, verstrek word:—

(*a*) In die geval van 'n biblioteek:—

(i) Naam en adres van biblioteek.

(ii) By die Provinsiale Biblioteekdiens geaffilieer of nie.

(iii) Boekjaar deur die opgawe gedek.

(iv) Deur wie beheer.

(v) Getal takbiblioteke, depots en reisende biblioteekeenhede, ingedeel volgens ras bedien.

(vi) Getal geregistreerde leners, ingedeel volgens ras.

(vii) Boekevoorraad van eie boeke en boeke van Provinsiale Biblioteekdiens, ingedeel volgens ras bedien.

(viii) Sirkulasie van boeke, ingedeel volgens taal waarin boeke geskryf is en volgens ras bedien.

(ix) Getal voltydse en deeltydse werknemers soos op 30 Junie, ingedeel volgens ras, geslag en beroepsgroep.

(x) Salaris, lone en toelaes aan voltydse en deeltydse werknemers gedurende die maand Junie betaal, ingedeel volgens ras, geslag en beroepsgroep.

(xi) Inkomste en uitgawes gedurende die boekjaar.

(xii) Kapitaaluitgawes gedurende die boekjaar.

(xiii) Opsomming van bates en laste aan die einde van die boekjaar.

(*b*) In die geval van ander kulturele inrigtings:—

(i) Naam en adres van inrigting.

(ii) Boekjaar deur die opgawe gedek.

(iii) Deur wie beheer.

(iv) Getal besoekers gedurende die boekjaar.

(v) Getal voltydse en deeltydse werknemers soos op 30 Junie, ingedeel volgens ras, geslag en beroepsgroep.

(vi) Salarisse, lone en toelaes aan voltydse en deeltydse werknemers gedurende die maand Junie betaal, ingedeel volgens ras, geslag en beroepsgroep.

(vii) Inkomste en uitgawes gedurende die boekjaar.

(viii) Kapitaaluitgawes gedurende die boekjaar.

(ix) Opsomming van bates en laste aan die einde van die boekjaar.

4. Enige persoon in beheer van 'n kulturele inrigting wat, sonder redelike oorsaak, versuim om aan die bepalings van hierdie regulasies te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of, in die geval van 'n voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

2. The person in charge of a cultural institution shall each year render to the Director of Statistics, Pretoria, on or before the 30th September of that year, or within a further period of extension not exceeding sixty days as may be granted by the Director, a return on a form furnishing the particulars and information required as set out in regulation 3, in respect of such cultural institution and for its financial year, or any part thereof, which ended during the period 1st July of the previous year up to and including 30th June of that year, except in the case of a library for which the dates shall be 31st October, 1st August and 31st July, respectively. The information shall be furnished on a form which the Director will issue to him.

3. The following particulars and information shall be furnished in the return referred to in regulation 2:—

(*a*) In the case of a library:—

(i) Name and address of library;

(ii) whether affiliated to the Provincial Library Service or not;

(iii) financial year covered by the return;

(iv) by whom controlled;

(v) number of branch libraries, depots and travelling library units, according to race served;

(vi) number of registered borrowers, according to race;

(vii) book stock of own books and books of Provincial Library Service, according to race served;

(viii) circulation of books, according to language in which books are written and according to race served;

(ix) number of full-time and part-time employees as at 30th June, classified according to race, sex and occupational group;

(x) salaries, wages and allowances paid to full-time and part-time employees during the month of June, according to race, sex and occupational group;

(xi) revenue and expenditure during the financial year;

(xii) capital expenditure during the financial year;

(xiii) summary of assets and liabilities as at the end of the financial year.

(*b*) In the case of other cultural institutions:—

(i) Name and address of institution;

(ii) financial year covered by the return;

(iii) by whom controlled;

(iv) number of visitors during the financial year;

(v) number of full-time and part-time employees as at 30th June, classified according to race, sex and occupational group;

(vi) salaries, wages and allowances paid to full-time and part-time employees during the month of June, according to race, sex and occupational group;

(vii) revenue and expenditure during the financial year;

(viii) capital expenditure during the financial year;

(ix) summary of assets and liabilities as at the end of the financial year.

4. Any person in charge of a cultural institution who, without reasonable cause, fails to comply with the requirements of these regulations, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or, in the case of a continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding two rand for every day during which such failure continues.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 143.] [31 Januarie 1964.

## BURO VIR STATISTIEK.

## REGULASIES.

## VERSAMELING VAN STATISTIEKE BETREFFENDE DIE MOTORHANDEL.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), die volgende regulasies uitgevaardig, in verband met die versameling van statistieke ten opsigte van die motorhandel, soos voorgeskryf by Goewermentskennisgewing No. 420 van 21 Maart 1958, ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 980 van 10 November 1961:—

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies bestaan die motorhandel uit: Algemene garages, garages (alleen gebruikte motors), diensstasies, motorbegraafplase, handelaars in dele en bybehore (groot- en kleinhandel), groothandeldistribueerders van motorvoertuie, kleinhandelaars in motorbuitebande, onderdakparkeergarages en ander motorhandelinrigtings.

2. (*a*) Die persoon in beheer van 'n motorhandelinrigting moet elke jaar voor of op die 31ste dag van Oktober of voor of op 'n later datum wat die Direkteur van Statistiek om goeie redes toestaan, op 'n vorm of vorms wat by die Direkteur van Statistiek, Pretoria, verkrygbaar is, 'n opgawe of opgawes indien, deur hom onderteken en as korrek gesertifiseer, waarin al die besonderhede en inligting voorgeskryf in regulasie 4 verstrek word ten opsigte van die tydperk in regulasie 3 omskryf.

(*b*) Vir die toepassing van hierdie regulasies is die persoon in beheer van 'n motorhandelinrigting—

(i) iemand wat gedurende die tydperk in regulasie 3 omskryf die eienaar van 'n motorhandelinrigting was: Met dien verstande dat 'n opgawe of opgawes in paragraaf (*a*) genoem ook aangeneem kan word van 'n persoon aan wie dié eienaar die toesig, beheer, administrasie, leiding of bestuur, na gelang van die geval, van die betrokke inrigting opgedra het;

(ii) 'n trustee of likwidateur of 'n eksekuteur of administrateur van 'n insolvente of bestorwe boedel, of 'n likwidateur van 'n maatskappy of koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy in likwidasie, of 'n geregtelike bestuurder van 'n maatskappy onder geregtelike bestuur wat die eienaar van 'n motorhandelinrigting was gedurende die tydperk in regulasie 3 omskryf.

3. Die tydperk wat deur die opgawe of opgawes gedek moet word, is die boekjaar wat op enige datum gedurende die twaalf maande van 1 Julie tot 30 Junie geëindig het.

4. Die volgende besonderhede en inligting moet verstrek word in die opgawe of opgawes in regulasie 2 genoem:—

(1) Boekjaar deur die opgawe gedek.

(2) Landdrosdistrik waarin die inrigting geleë is.

(3) Handels- en geregistreerde naam, adres en posbus (as daar is) van die inrigting.

(4) Naam van eienaar of bestuurder.

(5) Of die inrigting 'n eenmansaak, vennootskap, private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, koöperatiewe vereniging of maatskappy, 'n onderneming van 'n munisipaliteit of die regering of enige ander liggaam is.

(6) Indien die inrigting 'n eenmansaak of 'n vennootskap is, die ras van die eienaar(s) of indien 'n private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, die ras van die finansiële beherende aandeelhouers.

No. R. 143.] [31 January 1964.

## BUREAU OF STATISTICS.

## REGULATIONS.

## COLLECTION OF STATISTICS RELATING TO THE MOTOR TRADE.

The State President has, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), made the following regulations in regard to the collection of statistics relating to the motor trade, as prescribed by Government Notice No. 420 of the 21st March, 1958, in substitution for the regulations promulgated under Government Notice No. 980 of the 10th November, 1961:—

1. For the purpose of these regulations the motor trade comprises: General garages, garages (used cars only), service stations, motor graveyards, parts and accessory dealers (wholesale and retail), wholesale distributors of motor vehicles, retail tyre dealers, covered parking garages and other motor trade establishments.

2. (*a*) The person in charge of a motor trade establishment shall each year on or before the 31st day of October, or on or before such later date as the Director of Statistics may for good cause allow, render on a form or forms which may be obtained from the Director of Statistics, Pretoria, a return or returns which he shall sign and certify as being correct, containing all the particulars and information prescribed in regulation 4 in respect of the period defined in regulation 3.

(*b*) For the purpose of these regulations the person in charge of a motor trade establishment shall be—

(i) any person who during the period defined in regulation 3 owned a motor trade establishment; provided that a return or returns referred to in paragraph (*a*) may also be accepted from a person who was commissioned by such owner with the supervision, control, administration, direction or management of the affairs of such establishment, as the case may be;

(ii) a trustee or liquidator or an executor or administrator of an insolvent or deceased estate, or a liquidator of a company or co-operative society or co-operative company in liquidation, or a judicial manager of a company under judicial management which owned a motor trade establishment during the period defined in regulation 3.

3. The period which shall be covered by the return or returns is the financial year which ended on any date during the twelve months from 1st July to 30th June.

4. The following particulars and information shall be furnished in the return or the returns referred to in regulation 2:—

(1) Financial year covered by return.

(2) Magisterial district in which the establishment is situated.

(3) Trading and registered name, address and post office box (if any) of the establishment.

(4) Name of proprietor or manager.

(5) Whether the establishment is an individual, a partnership, private limited liability company, public limited liability company, co-operative society or company, a municipal or government concern or any other body.

(6) If the establishment is individual or a partnership, the race of the owner(s) or, if private limited liability company, the race of the financial controlling shareholders.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(7) Naam en adres van die hoofkantoor waarvan die inrigting 'n tak is.

(8) Of die inrigting petrol van een of meer handelsmerke (bevoorregte merke uitgesonderd) verkoop.

(9) Getal petrol- en dieselpompe.

(10) Getal, volgens ras en geslag, werkende eienaars, vennote en gesinsassistente.

(11) Totale getal persone in diens op die laaste betaaldag in September en die werklike bedrag aan salarisse en lone vir Septembermaand uitbetaal en 'n ontleding van beroep volgens ras en geslag.

(12) Koste van betalings in natura (as daar verskaf is) toegeken aan werknemers (uitgesonderd werkende eienaars) ingestel volgens ras en geslag vir die maand September.

(13) Ontleding en totaal van aankope en oorplasings- in volgens soort artikel en vorderings ten opsigte van werk verrig deur ander herstellingsinrigtings (insluitende reserwedele aangebring en materiaal gebruik).

(14) Ontleding en totaal van verkope en oorplasings- uit volgens soort artikel, vorderings ten opsigte van werk verrig (herstelwerk en dienste, met inbegrip van reserwedele aangebring en materiaal gebruik), waarde van uitrusting en ander goedere vervaardig en gekapitaliseer en ander inkomste.

(15) Inligting oor werkwinkelbedryf (*a*) waarde van voorafleweringsen gratis dienste ten opsigte van motorvoertuie, (*b*) die opknapping van voertuie self gebruik.

(16) Ontleding van totale verkope volgens tipe klant.

(17) Verkope van motorbrandstof.

(18) Waarde van voorrade nuwe en gebruikte motorvoertuie en trekkers, reserwedele en bybehore, met inbegrip van gereedskap en garage-uitrusting, brandstof en smeerolies, werk aan die gang, eie fabrikate en enige ander, soos aan die begin en einde van die boekjaar.

(19) Ontleding en totaal van uitgawes (salarisse en lone aan die werknemers gedurende die boekjaar uitbetaal, besturende direkteur se besoldiging, waardevermindering op vaste eiendom, masjinerie en uitrusting, huurgelde betaal, slegte skulde, koste van elektriese krag en lig, hoofkantooruitgawes en alle ander).

(20) Opsomming van totaal van die inkomste en uitgawes van die inrigting met opgawe van die netto wins of verlies.

(21) Balansstaat, aandelekapitaal, ontleding en totaal van kapitaaluitgawes, rente en dividende ontvang, rente op lenings en skuldbriewe betaal.

(22) Wins of verlies voor voorsiening gemaak is vir inkomstebelasting en uitgesonderd rente en dividende ontvang ten opsigte van die boekjaar en die vorige boekjaar.

(23) Winsverdeling vir die jaar (alleen maatskappye), dividende verklaar en voorsiening vir inkomstebelasting.

5. Indien die inrigting 'n tak is, het die inligting in paragrawe (21) tot (23) van regulasie 4 alleen betrekking op die onderneming waarvan die inrigting 'n tak is.

6. Die persoon in beheer van 'n motorhandelinrigting wat sonder redelike oorsaak versuim om aan hierdie regulasies te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of, in die geval van 'n voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

Die persoon in beheer van 'n motorhandelinrigting word nie van hierdie strafbepalings onthef slegs omdat hy geen vorm of vorms ontvang het om die opgawe of opgawes genoem in paragraaf (*a*) van regulasie 2 in te dien nie. Die Direkteur van Statistiek kan, indien hy dit raadsaam ag, 'n vorm of vorms laat aflewer of per pos afstuur aan die persoon in beheer van 'n motorhandelinrigting.

(7) Name and address of the head office of which the establishment is a branch.

(8) Whether the establishment sells one or more petrol brands (excluding privileged brands).

(9) Number of petrol and diesel pumps.

(10) Number, by race and sex, of working proprietors, partners and family assistants.

(11) Total number of persons employed on the last payday in September, and the actual amount of salaries and wages paid for the month of September, and analysis of occupation by race and sex.

(12) Cost of payments in kind (if provided) assigned to employees (excluding working proprietors) classified by race and sex for the month of September.

(13) Analysis and total purchases and transfers-in by kind of article and charges for work done by other repairs service establishments (including spares fitted and materials used).

2. Enige persoon van wie 'n opgawe(s) kragtens hierdie regulasies vereis word en wat sonder redelike oorsaak versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of in geval van voortdurende versuim om daaraan te voldoen met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

No. R. 152.] [31 Januarie 1964.

BURO VIR STATISTIEK.

REGULASIES.

STATISTIEK VAN AKKOMMODASIE-INRIGTINGS.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), die volgende regulasies in verband met die versameling van statistieke ten opsigte van akkommodasie-inrigtings soos voorgeskryf by Goewermentskennisgewing No. 420 van 21 Maart 1958, uitgevaardig:—

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het elke uitdrukking waaraan in die Wet op Statistieke, 1957, 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg, en beteken—

(i) "akkommodasie-inrigting" persele waar huisvesting sowel as etes of 'n verwante diens aangebied word aan mense of diere, ongeag of sodanige huisvesting of diens aangebied word vir besigheidsdoeleindes al dan nie; en

(ii) "maand" met betrekking tot 'n akkommodasie-inrigting die boekmaand wat eindig op of voor die laaste dag van enige betrokke kalendermaand.

2. Die persoon in beheer van 'n akkommodasie-inrigting moet, nadat 'n vorm of vorms behoorlik aan hom gestuur, afgelewer of aangebied is, aan die Direkteur van Statistiek, Pretoria, ten opsigte van sodanige inrigting op of voor 10 Augustus 1963 en daarna op of voor die 10de van elke daaropvolgende maand, die inligting ten opsigte van die voorafgaande maand verstrek wesenlik soos uiteengesit in vorms (i) en (ii) wat in die Aanhangsel hiervan vervat is.

3. Enige persoon wat, sonder redelike gronde, versuim om aan die bepalings van regulasie 2 te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand.

stocks at the end of each month of foodstuffs, including meat and meat products on hand or held in cold storage, in substitution for the regulations framed under the provisions of section *ten* of the Statistics Act, 1914 (Act No. 38 of 1914), as amended from time to time, and published under Government Notice No. 1145 of the 4th August, 1939, as amended by Government Notice No. 1363 of the 23rd August, 1940:—

1. Any person in charge of an establishment which manufactures or produces meat or meat products or any person in charge of a refrigerating plant or cold storage who stores on his own behalf or on behalf of any other person or establishment any of the foodstuffs including meat and meat products shall submit a monthly return of statistics to the Director of Statistics. The return which shall be submitted on a form or forms which may be obtained from the Directors of Statistics, shall be rendered within ten days of the end of each month and shall give in regard to such establishment particulars, as called for on the form, of its manufactures during that month and stocks at the end of that month, failing which a statement that it was not concerned with any such manufactures or stocks during the month.

2. Any person of whom a return is, or returns are required in terms of these regulations and who without reasonable cause fails to comply therewith, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or, in the case of continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding two rand for every day during which such failure continues.

No. R. 152.] [31 January 1964.

BUREAU OF STATISTICS.

REGULATIONS.

STATISTICS OF ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS.

The State President has under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), made the following regulations in regard to the collection of statistics relating to accommodation establishments as prescribed by Government Notice No. 420 of 21st March, 1958:—

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning is assigned in the Statistics Act, 1957, has the meaning so assigned thereto, and—

(i) "accommodation establishment" means premises where residential accommodation with board or an associated service is rendered to human beings or animals whether or not such accommodation or service is rendered for business purposes; and

(ii) "month" means in relation to an accommodation establishment, the accounting month ending on or before the last day of any calendar month in question.

2. The person in charge of an accommodation establishment shall, after a form or forms have been duly sent, delivered or tendered to him, render to the Director of Statistics, Pretoria, in respect of such establishment on or before the 10th August, 1963, and thereafter on or before the 10th of every subsequent month, the information in respect of the previous month in forms which are substantially in accordance with forms (i) and (ii) contained in the Annexure hereto.

3. Any person who, without reasonable cause, fails to comply with the requirements of regulation 2, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



AANHANGSEL.

(i) Ten opsigte van die maande Januarie, Februarie, April, Mei, Julie, Augustus, Oktober en November is die vorm as volg:—

VERTROULIK.

BURO VIR STATISTIEK,
PRIVAATSAK 44,
PRETORIA.

VORM H.R. (A) 1.
AFDELING H (HANDEL).

OPGAWE VIR DIE MAAND..........

(Slegs vir amptelike gebruik.)

Reeks No. H.R.(A).......... Afgemerk ..........

MAANDELIKSE STATISTIEKE VAN AKKOMMODASIE-INRIGTINGS.

Naam van inrigting..........
Adres.......... Dorp/Stad..........

*Opmerkings:*—

(*a*) Voordat u die vorm invul, lees asseblief eers die voorskrifte en verklarende opmerkings op die binnekant van die omslag.

(*b*) Hierdie vorm moet ingevul en gepos word aan die Direkteur van Statistiek, Pretoria, binne tien dae na die einde van die maand waarop die opgawe betrekking het.

Hierdie opgawe dek die maandelikse tydperk van die.......... dag van .......... tot die.......... dag van.......... 196.... (beide datums ingesluit).

A. *Bedryfsinkomste:*—

1. Huisvesting [kyk verklarende opmerking 1 (*a*)] .......... R..........
2. Verskaffing van voedsel [kyk verklarende opmerking 1 (*b*)] .......... R..........
3. Verkope van drank en tabak:—
   (*a*) Kroegontvangste (sigarette en tabak ingesluit) .......... R..........
   (*b*) Verkope van drank in bottels vir buiteverbruik [kyk verklarende opmerking 1 (*c*)] .......... R..........
4. Diverse [kyk verklarende opmerking 1 (*d*)] R..........
5. TOTAAL (Items 1 tot 4) .......... R..........

B. *Nagte van verblyf verskaf:*—

1. Permanente loseerders (kyk verklarende opmerking 2) .......... Getal..........
2. Toeriste, reisigers ens .......... Getal..........
3. TOTAAL (Items 1 en 2) .......... Getal..........

C. *Getal Beddens:*—

1. Enkel-.......... 2. Dubbel-..........

Datum.......... 19....

Adres of Posbus.......... Handtekening..........
.......... *Eienaar/Bestuurder/Sekretaris/Rekenmeester.**
..........
Dorp/Stad.......... (*Skrap woorde wat nie van toepassing is nie.)

AANHANGSEL.

(ii) Ten opsigte van die maande Maart, Junie, September en Desember is die vorm as volg:—

VERTROULIK.

BURO VIR STATISTIEK,
PRIVAATSAK 44,
PRETORIA.

VORM H.R (A)1.
AFDELING H (HANDEL).

OPGAWE VIR DIE MAAND..........

Slegs vir amptelike gebruik.)

Reeks No. H.R.(A).......... Afgemerk ..........

MAANDELIKSE STATISTIEKE VAN AKKOMMODASIE-INRIGTINGS.

Naam van inrigting..........
Adres.......... Dorp/Stad..........

ANNEXURE.

(i) In respect of the months January, February, April, May, July, August, October and November the form shall be as follows:—

CONFIDENTIAL.

BUREAU OF STATISTICS,
PRIVATE BAG 44,
PRETORIA.

FORM H.R. (A) 1.
DIVISION H (COMMERCE).

RETURN FOR THE MONTH..........

(For official use only.)

Serial No. H.R.(A).......... Marked off..........

MONTHLY STATISTICS OF ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS.

Name of establishment..........
Address.......... Town/City..........

*Notes:*—

(*a*) Please read the instructions and explanatory notes on the inside of the front cover before completing this return.

(*b*) This return must be completed and posted to the Director of Statistics, Pretoria, within ten days of the end of the month to which the return relates.

This return covers the monthly period from the.......... day of.......... to the.......... day of .......... 196.... (both dates inclusive).

A. *Trading Revenue.*—

1. Accommodation [see explanatory note 1(*a*)] R..........
2. Catering [see explanatory note 1(*b*)] .......... R..........
3. Liquor and tobacco sales:—
   (a) Bar takings (including sales of cigarettes and tobacco) .......... R..........
   (*b*) Off-consumption bottle sales [see explanatory note 1(*c*)] .......... R..........
4. Miscellaneous [see explanatory note 1(*d*)] R..........
5. TOTAL (Items 1 to 4) .......... R..........

B. *Guest Nights Sold.*—

1. Permanent boarders (see explanatory note 2) .......... Number ..........
2. Tourists, travellers, etc .......... Number ..........
3. TOTAL (Items 1 and 2) .......... Number ..........

C. *Number of Beds.*

1. Single.......... 2. Double..........

Date.......... 196....

Address or P.O. Box.......... Signature..........
.......... *Proprietor/Manager/Secretary Accountant.**
..........
Town/City.......... (*Delete words not applicable.)

ANNEXURE.

(ii) In respect of the months March, June, September and December the form shall be as follows:—

CONFIDENTIAL.

BUREAU OF STATISTICS,
PRIVATE BAG 44,
PRETORIA.

FORM H.R. (A) 1.
DIVISION H (COMMERCE).

RETURN FOR THE MONTH..........

(For official use only.)

Serial No. H.R.(A).......... Marked off..........

MONTHLY STATISTICS OF ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS.

Name of establishment..........
Address.......... Town/City..........

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Opmerkings:—*

(*a*) Voordat u die vorm invul, lees asseblief eers die voorskrifte en verklarende opmerkings op die binnekant van die omslag.

(*b*) Hierdie vorm moet ingevul en gepos word aan die Direkteur van Statistiek, Pretoria, binne tien dae na die einde van die maand waarop die opgawe betrekking het.

Hierdie opgawe dek die maandelikse tydperk van die........ dag van........ tot die........dag van ........196...... (Beide datums ingesluit).

A. *Bedryfsinkomste:—*

1. Huisvesting [kyk verklarende opmerking 1 (*a*)]................................ R........
2. Verskaffing van voedsel [kyk verklarende opmerking 1 (*b*)]...................... R........
3. Verkope van drank en tabak:—
   (*a*) Kroegontvangste (sigarette en tabak ingesluit)........................... R........
   (*b*) Verkope van drank in bottels vir buiteverbruik [kyk verklarende opmerking 1 (*c*)]............................. R........
4. Diverse [kyk verklarende opmerking 1 (*d*)] R........
5. Totaal (items 1 tot 4)..................... R........

B. *Nagte van verblyf verskaf:—*

1. Permanente loseerders (kyk verklarende opmerking 2)............ Getal........
2. Toeriste, reisigers, ens............. Getal........
3. Totaal (Items 1 en 2).............. Getal........

C. *Getal Beddens:—*

1. Enkel........
2. Dubbel........

D. *Voorrade* (soos aan die end van die maand waarop die opgawes betrekking het):

1. Drank (koeldranke, sigarette en tabak ingesluit)................................... R........
2. Verbruiksgoedere (voedsel, ens.).......... R........
3. TOTAAL (Items 1 en 2).................. R........

E. *Werkgeleentheid en Verdienstes:—*

1. Werknemers en salarisse en lone—Werklike getal persone in diens by hierdie inrigting op die laaste betaaldag van die maand waarop hierdie opgawe betrekking het en werklike bedrag aan salarisse en lone uitbetaal vir daardie maand:

   (i) Werkende eienaars, vennote en nie-betaalde gesinsassistente........ Getal........

   (ii) Betaalde werknemers—met uitsluiting van werkende eienaars, vennote en nie-betaalde gesinsassistente onder 1 (i) hierbo getoon. (Kyk verklarende opmerkings 4 (*a*), (*b*) en (*c*)].

*Notes:—*

(*a*) Please read the instructions and explanatory notes on the inside of the front cover before completing this return.

(*b*) This return must be completed and posted to the Director of Statistics, Pretoria, within ten days of the end of the month to which the return relates.

This return covers the monthly period from the........ day of........ to the........day of........196...... (both dates inclusive.)

A. *Trading Revenue.*

1. Accommodation [see explanatory note 1(*a*)] R........
2. Catering [see explanatory note 1(*b*)]...... R........
3. Liquor and tobacco sales:—
   (*a*) Bar takings (including sales of cigarattes and tobacco)........................ R........
   (*b*) Off-consumption bottle sales [see explanatory note 1(*c*)]..................... R........
4. Miscellaneous [see explanatory note 1(*d*)].. R........
5. Total (items 1 to 4)..................... R........

B. *Guest Nights Sold.*

1. Permanent boarders (see explanatory note 2)......................... Number........
2. Tourists, travellers, etc.............. Number........
3. Total (items 1 and 2).............. Number........

C. *Number of Beds.*

1. Single........
2. Double........

D. *Stocks* (as at the end of the month covered by this return):

1. Liquor (including soft drinks, cigarettes and tobacco)............................... R........
2. Consumable stores (provisions, etc.)...... R........
3. TOTAL (Items 1 and 2)................... R........

E. *Employment and Earnings.—*

1. Employees and salaries and wages: Actual number of persons employed by this establishment on the last pay day of the month to which this return relates and actual amount of salaries and wages paid for that month.

   (i) Working proprietors, partners and unpaid family assistants........ Number........

   (ii) Paid employees—excluding working proprietors, partners and unpaid family assistants shown under item 1(i) above (see explanatory notes 4(*a*), (*b*) and (*c*)].

| Employees. *Werknemers.* | (*a*) White. *Blank.* | | (*b*) Coloured. *Kleurling.* | | (*c*) Asiatic. *Asiaat.* | | (*d*) Bantu. *Bantoe.* | | (*e*) Total. *Totaal.* | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | No. Getal. | Rand. | No. Getal. | Rand. | No. Getal. | Rand. | No. Getal. | Rand. | No. Getal. | Rand. |
| 1. Permanent/*Vaste*..................... | | | | | | | | | | |
| 2. Temporary (casuals)/*Tydelike*.......... | | | | | | | | | | |
| 3. Total (items 1 and 2)/*Totaal* (*items* 1 *en* 2) | | | | | | | | | | |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



2. Betalings in natura—[Kyk verklarende opmerking 4(*d*)].

| (*a*) Blank | (*b*) Kleurling | (*c*) Asiaat | (*d*) Bantoe | (*e*) Totaal |
|---|---|---|---|---|
| R | R | R | R | R |

Datum.................196.........
Adres of Posbus........................
..........................................
..........................................
Dorp/Stad..............................

Handtekening..........................
*Eienaar/Bestuurder/Sekretaris/Rekenmeester.**

*Skrap woorde wat nie van toepassing is nie.

## VORM H.R. (A) 1: MAANDELIKSE STATISTIEKE VAN AKKOMMODASIE-INRIGTINGS.

### ALGEMEEN.

A. *Wetlike vereistes vir akkommodasie-inrigtings om opgawes te verstrek.*—Ooreenkomstig die regulasies uitgevaardig kragtens artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957, word hierdie opgawes verlang van elke akkommodasie-inrigting wat deur die Direkteur van Statistiek daartoe gelas word.

B. *Vertroulike aard van die inligting.*—Die inligting wat in hierdie opgawes verstrek word, sal as streng vertroulik behandel word en besonderhede van individuele opgawes sal nie gepubliseer of bekendgemaak word nie.

C. *Afsonderlike inligting vir elke akkommodasie-inrigting.*—Afsonderlike inligting moet verstrek word vir elke akkommodasie-inrigting wat daartoe gelas word.

D. *Wanneer die opgawes ingedien moet word.*—Die waarde van die statistieke wat uit hierdie opgawes saamgestel word, hang grootliks af van die vroegtydige publikasie van die resultate van die maandelikse opnames en 'n beroep word op elke medewerker gedoen om die opgawes stiptelik elke maand binne tien dae na die einde van die maand waarop die opgawe betrekking het, te verstrek.

E. *Tydperk gedek deur die opgawes.*—Hierdie opgawes moet 'n tydperk van een maand dek. Dit hoef nie noodwendig 'n kalendermaand te wees nie, maar kan 'n boekmaand wees, wat byvoorbeeld die tydperk van die 27ste dag van een maand tot en met die 26ste dag van die volgende maand dek. Gegewens vir kalendermaande is egter verkieslik.

VERKLARENDE OPMERKINGS.

1. *Bedryfsinkomste* (*Afdeling A*).—(*a*) *Huisvesting* (*Item* 1).—Slegs bedrae gevra vir kamers moet getoon word.

(*b*) *Verskaffing van voedsel* (*Item* 2).—Item 2 moet maaltye vir loseerders, los maaltye en verversings en die verskaffing van maaltye en verversings by danse en partytjies, ens., insluit.

(*c*) *Verkope van drank en tabak* (*Item* 3).—Verkope van drank in bottels vir buiteverbruik moet onder item 3 (*b*) aangetoon word waar 'n buiteverbruikvoorreg, 'n botteldranklisensie en/of 'n groothandeldranklisensie gehou word deur of *ten behoewe* van die houer van die hoteldranklisensie en gebruik word in verband met die hotel se besigheid.

(*d*) *Diverse* (*Item* 4).—Diverse ontvangstes moet huurgelde en gelde ontvang vir kantore, winkels, motorhuis, biljaartkamers, dansvloere, was en stryk, ens. insluit.

2. *Nagte van verblyf verskaf* (*Afdeling B*).—Vir die doeleindes van hierdie vraag beteken "nag van verblyf verskaf" een persoon gehuisves vir een nag en beteken "permanente loseerder" 'n persoon, met uitsondering van 'n lid van die bestuur of personeel wat op die betrokke dag beskou is as 'n vaste inwoner van u inrigting en wat nie 'n ander permanente verblyfplek het nie.

2. Payments in kind [see explanatory note 4(*d*)].

| (*a*) White | (*b*) Coloured | (*c*) Asiatic | (*d*) Bantu | (*e*) Total |
|---|---|---|---|---|
| R | R | R | R | R |

Date.................196.........
Address or P.O. Box....................
..........................................
..........................................
..........................................
Town/City..............................

Signature..............................
*Proprietor/Manager/Secretary/Accountant.**

* Delete words not applicable.

## FORM H.R. (A) 1: MONTHLY STATISTICS OF ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS.

### GENERAL.

A. *Legal Requirements for Accommodation Establishments to Submit Returns.*—In terms of the regulations published under section 12 of the Statistics Act, 1957, these returns are required from each accommodation establishment thereto instructed by the Director of Statistics.

B. *Confidential Nature of Information.*—The information furnished in these returns will be treated as strictly confidential and particulars of individual returns will not be published or disclosed.

C. *Separate Information for Each Accommodation Establishment.*—Separate information must be supplied in respect of each accommodation establishment thereto instructed.

D. *Due Date of Returns.*—The value of the statistics compiled from these returns depends largely upon the early publication of the results of the monthly surveys, and an appeal is made to each respondent to render the returns promptly each month within ten days of the end of the month to which the return relates.

E. *Period Covered by Returns.*—The returns must cover a period of one month. This does not necessarily have to be a calendar month, but may be an accounting month, covering, for example, the period from the 27th day of one month up to and including the 26th day of the following month. Particulars in respect of calendar months are, however, preferable.

EXPLANATORY NOTES.

1. *Trading Revenue* (*Section A*).—(*a*) *Accommodation* (*Item* 1).—Only amounts charged for rooms are to be shown.

(*b*) *Catering* (*Item* 2).—Item 2 should include meals for boarders, casual meals and refreshments and catering at dances, parties, etc.

(*c*) *Liquor and Tobacco Sales* (*Item* 3).—Off-consumption bottle sales must be recorded under item 3 (*b*) whenever an off-sales privilege, a bottle liquor licence and/or a wholesale liquor licence is held by *or on behalf* of the holder of the hotel liquor licence and is used in conjunction with the hotel business.

(*d*) *Miscellaneous* (*Item* 4).—Miscellaneous revenue should include rentals and fees for offices, shops, garages, billiard rooms, dance floors, laundering, ironing, etc.

2. *Guest Nights Sold* (*Section B*).—For the purpose of this question "guest night sold" means one person accommodated for one night and "permanent boarder" means a person other than a member of the management or staff who, on the relative day, was considered to be a permanent resident in your establishment and to have no other permanent dwelling-place.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



3. *Voorrade (Afdeling D—Slegs opgawes ten opsigte van Maart, Junie, September en Desember).*—Drankvoorrade moet voorrade wat vir buiteverbruikverkope aangehou word, insluit—sien verklarende opmerking 1 (*c*).

4. *Werkgeleentheid en verdienstes (Afdeling E—Slegs opgawes ten opsigte van Maart, Junie, September en Desember).*—(*a*) *Vaste werknemers* moet besturende direkteure met vaste salarisse en werknemers wat tydelik weens vakansie of ongesteldheid, ens. afwesig is, insluit.

(*b*) *'n Tydelike (los) werknemer* is 'n persoon wat vir 'n kort tydperk, seisoen of andersins, op 'n voltydse basis in diens geneem word.

(*c*) *Salarisse en lone.*—(i) Moet kontantsalarisse en lone, lewenskoste- en ander toelaes, bydraes deur werkgewers tot pensioen- en voorsorgsfondse, bonusse en kommissiegelde insluit maar bydraes deur werkgewers tot die Werkmenseskadeloosstelling- en die Werkloosheidsversekeringsfonds en betalings in natura moet *uitgesluit word.*

(ii) Weeklikse lone moet met 4⅓ vermenigvuldig word om dit op 'n maandbasis te kry.

(*d*) *Betalings in natura.*—Totale geraamde maandelikse koste van betalings in natura deur die inrigting soos rantsoene, huisvesting, klerasie, ens. Koste van uniforms moet uitgesluit word.

5. *Afronding.*—Bedrae moet slegs tot die naaste rand (R1) aangegee word.

No. R. 153.] [31 Januarie 1964.

BURO VIR STATISTIEK.

REGULASIES.

GROOT- EN KLEINHANDELSTATISTIEKE.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), die volgende regulasies in verband met die versameling van groot- en kleinhandelstatistieke ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1171 van 15 Augustus 1958, uitgevaardig: —

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies—

(*a*) bestaan 'n handelsinrigting waar ook al goedere (met inbegrip van plaasprodukte en lewende hawe) verkoop, verhandel, verruil, of oorgeplaas word of aangebied word om verkoop, verhandel of verruil te word, ongeag die doel waarvoor sulke goedere gebruik sal word;

(*b*) bestaan 'n handelsonderneming waar ook al 'n eenmansaak, vennootskap, private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, koöperatiewe vereniging of maatskappy, munisipale of regeringsorganisasie of enige ander liggaam die eienaar is van een of meer handelsinrigtings;

(*c*) is 'n groothandelsonderneming of -inrigting, 'n handelsonderneming of -inrigting wat gewoonlik handelsware verkoop aan handelaars en distribueerders vir herverkoop of aan kopers vir gebruik of verbruik in hul eie besigheid;

(*d*) is 'n kleinhandelsonderneming of -inrigting, 'n handelsonderneming of -inrigting wat gewoonlik handelsware direk aan verbruikers vir persoonlike of huishoudelike gebruik verkoop; en

(*e*) is die persoon in beheer van 'n handelsonderneming of -inrigting, een van die volgende: —

(i) Die persoon wat die eienaar is van 'n handelsonderneming of -inrigting;

3. *Stocks (Section D—March, June, September and December Returns only).*—Liquor stocks should include stocks held for off-consumption sales—see explanatory note 1 (*c*).

4. *Employment and Earnings (Section E—March, June, September and December Returns only).*—(*a*) *Permanent Employees* should include managing directors on a fixed salary basis and employees who are temporarily away on account of holiday or sickness, etc.

(*b*) *A Temporary (Casual) Employee,* is one who is employed on a full-time basis for a short period whether seasonal or otherwise.

(*c*) *Salaries and Wages.*—(i) Should include cash salaries and wages, cost of living and other allowances, employer's contribution to pension and provident funds, bonuses and commissions, but *exclude* employer's own contribution to Workmen's Compensation and Unemployment Insurance Funds and payments in kind.

(ii) Convert weekly wages to a monthly basis by multiplying by 4⅓.

(*d*) *Payments in Kind.*—Total estimated monthly cost to the establishment of payments in kind such as food, quarters, clothing, etc. Do not include the cost of uniforms.

5. *Rounding Off.*—Amounts must be shown to the nearest rand (R) only.

No. R. 153.] [31 January 1964.

BUREAU OF STATISTICS.

REGULATIONS.

WHOLESALE AND RETAIL TRADE STATISTICS.

The State President has, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), made the following regulations in regard to the collection of wholesale and retail trade statistics in substitution of the regulations published under Government Notice No. 1171 of the 15th August, 1958: —

1. For the purpose of these regulations—

(*a*) a trading establishment exists wherever goods (including produce and livestock) are sold, bartered, exchanged or transferred, or offered for sale, barter or exchange, irrespective of the purpose for which such goods are to be used;

(*b*) a trading firm exists wherever an individual, partnership, private limited liability company, public limited liability company, co-operaative society or company, municipal or governmental organisation or any other body owns one or more trading establishments;

(*c*) a wholesale trading firm or establishment is a trading firm or establishment which generally sells merchandise to dealers and distributors for resale or to purchasers for use or consumption in their own business;

(*d*) a retail trading firm or establishment is a trading firm or establishment which generally sells merchandise direct to consumers for personal or household use; and

(*e*) the person in charge of a trading firm or establishment is one of the following: —

(i) The person who owns a trading firm or establishment;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(ii) die persoon wat deur die eienaar van 'n handelsonderneming of -inrigting gemagtig is, of die persoon wat andersins belas is met die toesig, beheer, administrasie, leiding of bestuur van die sake van sodanige handelsonderneming of -inrigting, na gelang van die geval;

(iii) die persoon wat geag kan word deur die eienaar van 'n handelsonderneming of -inrigting gemagtig te wees, of die persoon wat andersins geag kan word belas te wees met die toesig, beheer, administrasie, leiding of bestuur van die sake van sodanige onderneming of inrigting, na gelang van die geval.

2. Die persoon in beheer van 'n handelsonderneming of -inrigting, hetsy groot- of kleinhandel, gedurende die tydperk of op die datum waarop 'n opgawe of opgawes betrekking het, soos omskryf in onderskeidelik paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) van regulasie 3, moet, nadat hy deur die Direkteur van Statistiek versoek is en nadat 'n vorm of vorms behoorlik aan hom gestuur, afgelewer of aangebied is, aan die Direkteur van Statistiek, Pretoria, op sodanige vorm of vorms, 'n opgawe of opgawes, soos omskryf onderskeidelik in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) van regulasie 3, wat al die besonderhede en inligting voorgeskryf in onderskeidelik paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) van regulasie 4 bevat, binne die tydperk of tydperke voorgeskryf in onderskeidelik paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) van regulasie 5, verstrek.

3. Die opgawes waarna in regulasie 2 verwys word, is soos volg, naamlik:—

(*a*) 'n Maandelikse opgawe van verkope deur handelsinrigtings met betrekking tot die maand Julie 1958, en met betrekking tot elke maand daarna of, indien die boekmaand van die betrokke handelsinrigting voor die laaste dag van sodanige maand geëindig het, dan met betrekking tot elke sodanige boekmaand.

(*b*) 'n Kwartaallikse opgawe van voorrade wat deur handelsondernemings aangehou word met betrekking tot die 30ste Junie 1958, en daarna met betrekking tot onderskeidelik die 30ste September, 31ste Desember, 31ste Maart en 30ste Junie van elke jaar of, indien die boekmaand van die betrokke handelsonderneming in enige van die genoemde maande op 'n datum voor die laaste dag daarvan geëindig het, dan met betrekking tot die laaste dag van sodanige boekmaand.

(*c*) 'n Jaarlikse opgawe van 'n gekombineerde handels- en wins-en-verliesrekening en ander gegewens van handelsondernemings met betrekking tot die boekjaar van die betrokke handelsondernemings wat in die jaar 1958 geëindig het of sal eindig en wat in enige jaar daarna sal eindig.

4. Die besonderhede en inligting waarna in regulasie 2 verwys word, is soos volg:—

(*a*) Maandelikse opgawe van verkope deur handelsinrigtings—

(i) Die geregistreerde naam of handelsnaam en adres van die handelsinrigting wat die opgawe verstrek;

(ii) die tydperk waarop die opgawe betrekking het;

(iii) besonderhede ten opsigte van die waarde van die verkope van handelsware gedurende die tydperk wat deur die opgawe gedek word; en

(iv) die handtekening, hoedanigheid en besigheidsadres of posbusadres (indien daar een is) van die persoon wat die opgawe verstrek, asook die datum waarop die opgawe ingevul is.

(*b*) Kwartaallikse opgawe van voorrade wat deur die handelsondernemings aangehou word—

(i) Die geregistreerde naam of handelsnaam en adres of posbusadres (indien daar een is) van die handelsonderneming wat die opgawe verstrek;

(ii) die datum waarop die opgawe betrekking het;

(ii) the person who has been commissioned by the owner of a trading firm or establishment or the person who has otherwise been charged with the supervision, control, administration, direction or management of the affairs of such a trading firm or establishment, as the case may be;

(iii) the person who may be considered as having been commissioned by the owner of a trading firm or establishment, or the person who may otherwise be considered as having been charged with the supervision, control, administration, direction or management of the affairs of such a trading firm or establishment, as the case may be.

2. The person in charge of a trading firm or establishment, whether wholesale or retail, during the period or on the date to which a return or returns shall relate, as described in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) of regulation 3, respectively, shall after having been requested thereto by the Director of Statistics and after a form or forms have been duly sent, delivered or tendered to him, render to the Director of Statistics, Pretoria, upon such form or forms a return or returns, as described in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) of regulation 3, respectively, containing all the particulars and information prescribed in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) of regulation 4, respectively, within the period or periods prescribed in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) of regulation 5, respectively.

3. The returns referred to in regulation 2 shall be the following, viz.:—

(*a*) A monthly return of sales by trading establishments in respect of the month of July, 1958, and in respect of every month thereafter, or, if the accounting month of the trading establishment in question ended before the last day of any such month, in respect of every such accounting month.

(*b*) A quarterly return of stocks held by trading firms in respect of the 30th June, 1958, and thereafter in respect of the 30th September, 31st December, 31st March and 30th June, respectively, in every year, or, if the accounting month of the trading firm in question ended in any of the said months on a date prior to the last day thereof, in respect of the last day of such accounting month.

(*c*) An annual return of a combined trading and profit and loss account and other data of trading firms in respect of the financial year of the trading firm in question ended or ending in the year 1958, and ending in every year thereafter.

4. The particulars and information referred to in regulation 2 shall be as follows:—

(*a*) Monthly return of sales by trading establishments—

(i) the registered name or trading name and address of the reporting trading establishment;

(ii) the period to which the return relates;

(iii) particulars regarding the value of the sales of merchandise during the period covered by the return; and

(iv) the signature, capacity and business address or post office box address (if any) of the person rendering the return, and the date on which the return was completed.

(*b*) Quarterly return of stocks held by trading firms—

(i) the registered name or trading name and address or post office box address (if any) of the reporting trading firm;

(ii) the date to which the return relates;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(iii) die waarde van die voorrade handelsware op die datum waarop die opgawe betrekking het; en

(iv) die handtekening, hoedanigheid en besigheidsadres, of posbusadres (indien daar een is) van die persoon wat die opgawe verstrek, asook die datum waarop die opgawe ingevul is.

(*c*) Jaarlikse opgawe van 'n gekombineerde handels- en wins-en-verliesrekening en ander gegewens van handelsondernemings—

(i) die geregistreerde naam, handelsnaam of -name, adres en posbusadres (indien daar een is) van die handelsonderneming wat die opgawe verstrek;

(ii) vermelding van die feit of die handelsonderneming die eiendom is van 'n eenmansaak, vennootskap, private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, koöperatiewe vereniging of maatskappy, munisipale of regeringsorganisasie of enige ander liggaam;

(iii) die boekjaar waarop die opgawe betrekking het;

(iv) die getal samestellende inrigtings van die handelsonderneming wat onderskeidelik binne en buite die Republiek geleë is;

(v) besonderhede ten opsigte van die handels- en wins-en-verliesrekening vir die boekjaar wat deur die opgawe gedek word;

(vi) besonderhede ten opsigte van die waarde van die verkope van handelsware gedurende die boekjaar wat deur die opgawe gedek word;

(vii) besonderhede ten opsigte van sekere bates aan die begin en einde van die boekjaar wat deur die opgawe gedek word;

(viii) in gevalle van maatskappye met beperkte aanspreeklikheid of koöperatiewe maatskappye, besonderhede van dividende verklaar ten opsigte van die boekjaar wat deur die opgawe gedek word;

(ix) in gevalle waar handelsondernemings inrigtings buite die Republiek van Suid-Afrika het, besonderhede van winste of verliese van die inrigtings buite die Republiek vir die boekjaar wat deur die opgawe gedek word; en

(x) die handtekening, hoedanigheid en besigheidsadres of posbusadres (indien daar een is) van die persoon wat die opgawe verstrek, asook die datum waarop die opgawe ingevul is.

5. Die tydperke waarna in regulasie 2 verwys word, is die tydperke waarin die opgawes aan die Direkteur van Statistiek, Pretoria, gepos moet word en moet soos volg wees:—

(*a*) Maandelikse opgawe van verkope: Binne tien dae na die einde van die tydperk wat deur die opgawe gedek word.

(*b*) Kwartaallikse opgawe van voorrade: Binne ses weke na die datum waarop die opgawe betrekking het.

(*c*) Jaarlikse opgawe van 'n gekombineerde handels- en wins-en-verliesrekening en ander gegewens: Binne vier maande na die einde van die tydperk wat deur die opgawe gedek word.

6. Die persoon in beheer van 'n handelsonderneming of -inrigting wat, nadat hy kragtens regulasie 2 daartoe versoek is, sonder redelike oorsaak versuim om aan hierdie regulasies te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of, in die geval van 'n voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

(iii) the value of the stocks of merchandise on the date to which the return relates; and

(iv) the signature, capacity and business address or post office box address (if any) of the person rendering the return, and the date on which the return was completed.

(*c*) Annual return of a combined trading and profit and loss account and other data of trading firms—

(i) the registered name, trading name or names, address and post office box address (if any) of the reporting trading firm;

(ii) mention of the fact whether the trading firm is owned by an individual, partnership, private limited liability company, public limited liability company, co-operative society or company, municipal or governmental organisation or any other body;

(iii) the financial year to which the return relates;

(iv) the number of constituent establishments of the trading firm situated inside and outside the Republic, respectively;

(v) particulars regarding the trading and profit and loss accounts for the financial year covered by the return;

(vi) particulars regarding the value of the sales of merchandise during the financial year covered by the return;

(vii) particulars regarding certain assets at the beginning and end of the financial year covered by the return;

(viii) in the case of limited liability companies or co-operative companies, particulars of the dividends declared in respect of the financial year covered by the return;

(ix) in the case of trading firms operating establishments outside the Republic of South Africa, particulars of the profits or losses of the extra-Republic establishments for the financial year covered by the return; and

(x) the signature, capacity and business address or post office box address (if any) of the person rendering the return, and the date on which the return was completed.

5. The periods referred to in regulation 2 shall be the periods within which the returns shall be posted to the Director of Statistics, Pretoria, and shall be as follows:—

(*a*) Monthly return of sales: Within ten days after the end of the period covered by the return.

(*b*) Quarterly return of stocks: Within six weeks of the date to which the return relates.

(*c*) Annual return of a combined trading and profit and loss account and other data: Within four months after the end of the period covered by the return.

6. The person in charge of a trading firm or establishment, who, after having been requested in terms of regulation 2, without reasonable cause fails to comply with these regulations shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand, or in the case of a continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding two rand for every day during which such failure continues.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# INHOUD.

**Buro vir Statistiek.**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

R. 136. Herroeping van Sekere Sensusregulasies 1
R. 137. Sensus van Maatskaplike Welsynsorganisasies of -Inrigtings: Regulasies ... ... 1
R. 138. Sensus van Wol- en Bokhaarvoorrade: Regulasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... 3
R. 139. Sensus van die Visvangnywerheid: Regulasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 3
R. 140. Herpublikasie van Goewermentskennisgewing No. 420 van 21 Maart 1958 ... 5
R. 141. Versameling van Statistieke Betreffende Huur van Wonings en Bediendelone: Regulasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... 5
R. 142. Versameling van Statistieke Betreffende Kulterele Inrigtings: Regulasies ... ... 6
R. 143. Versameling van Statistieke Betreffende die Motorhandel: Regulasies ... ... ... 8
R. 144. Versameling van Statistieke Betreffende Pryse van Handelsartikels en Dienste: Regulasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... 10
R. 145. Versameling van Nywerheidstatistieke: Regulasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 12
R. 146. Versameling van Statistieke Betreffende Fabrieke en Produktiewe Nywerhede: Regulasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... 13
R. 147. Versameling van Statistieke Betreffende Vakverenigings, Werkgewersorganisasies, Nywerheidsrade en Besigheids-, Beroeps-, Professionele en Ander Soortgelyke Verenigings: Regulasies ... ... 16
R. 148. Versameling van Statistieke Betreffende Lone en Werkgeleentheid: Regulasies 22
R. 149. Versameling van Statistieke Betreffende Gesondheidsdienste en Lykbesorging: Regulasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... 23
R. 150. Versameling van Boustatistieke: Regulasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 25
R. 151. Versameling van Statistieke Betreffende die Produksie van Bereide Vleis en Vleisprodukte en Voorrade van Voedingsmiddels Insluitende Vleis en Vleisprodukte Voorhande of wat in Koelkamers Geberg word: Regulasies 26
R. 152. Statistiek van Akkomodasie-inrigtings: Regulasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... 27
R. 153. Groot- en Kleinhandelstatistieke: Regulasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 31

# CONTENTS.

**Bureau of Statistics.**

GOVERNMENT NOTICES.

R. 136. Withdrawal of Certain Census Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 1
R. 137. Census of Social Welfare Organizations or Institutions: Regulations ... ... ... ... ... 1
R. 138. Census of Stocks of Wool and Mohair: Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... 3
R. 139. Census of the Fishing Industry: Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 3
R. 140. Republication of Government Notice No. 420 of 21st March, 1958 ... ... ... ... 5
R. 141. Collection of Statistics Relating to Rents of Dwellings and Wages of Servants: Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... 5
R. 142. Collection of Statistics Relating to Cultural Institutions: Regulations ... ... ... ... 6
R. 143. Collection of Statistics Relating to the Motor Trade: Regulations ... ... ... ... 8
R. 144. Collection of Statistics Relating to Prices of Commodities and Services: Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 10
R. 145. Collection of Industrial Statistics: Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 12
R. 146. Collection of Statistics Relating to Factories and Productive Industries: Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... ... 13
R. 147. Collection of Statistics Relating to Trade Unions, Employers' Organisations, Industrial Councils and Business, Occupational, Professional and Other Similar Associations: Regulations ... ... 16
R. 148. Collection of Statistics Relating to Wages and Employment: Regulations ... ... ... 22
R. 149. Collection of Statistics Relating to Health Services and Funeral Furnishing: Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 23
R. 150. Collection of Building Statistics: Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 25
R. 151. Collection of Statistics Relating to the Production of Prepared Meat and Meat Products and Stocks of Foodstuffs, Including Meat and Meat Products on Hand or in Cold Storage: Regulations 26
R. 152. Statistics of Accommodation Establishments: Regulations ... ... ... ... ... ... ... 27
R. 153. Wholesale and Retail Trade Statistics: Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... ... 31

Wapen van die
**Republiek van Suid-Afrika**
*In Kleure*
*Groot 11½ duim by 9 duim*
+
*Herdruk volgens plan opgemaak deur die Kollege van Heraldiek*
+
PRYS:
R1.10 per kopie, posvry in die Republiek
R1.15 per kopie, buite die Republiek
Verkrygbaar by die Staatsdrukker Pretoria en Kaapstad

**Republic of South Africa**
Coat of Arms
*In Colours*
*Size 11½ inches by 9 inches*
+
*Reprinted to design prepared by the College of Heralds*
+
PRICE:
R1.10 per copy, post free within the Republic
R1.15 per copy, outside the Republic
Obtainable from the Government Printer Pretoria and Cape Town

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*




# *Publikasies*

wat deur die STAATSDRUKKER uitgegee word, handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe wat vir Boere, Prokureurs, Onderwysers, Besigheidsmense, Nyweraars en die Algemene Publiek van groot belang is

*Hierdie publikasies sluit die volgende in:—*

- ★ Offisiële Jaarboek van Suid-Afrika
- ★ Delfstowwe van Suid-Afrika
- ★ Die Afrikaanse Woordeboek
- ★ Etnologiese Publikasies
- ★ Argiefjaarboek van Suid-Afrikaanse Geskiedenis
- ★ Handel en Nywerheid *(Maandeliks)*

*Asook*

- Geologiese Publikasies
- Wette en Regulasies
- Landkaarte
- Statistiese Verslae
- Loonvasstellings
- Gekose Komitee Verslae
- Departementele Verslae *(Jaarliks)*
- Kommissie Verslae, ens.

**Verdere besonderhede en pryse aangaande hierdie publikasies is verkrygbaar van die STAATSDRUKKER, Pretoria of Kaapstad**

# *Publications*

issued by the GOVERNMENT PRINTER deal with various subjects of great interest to Businessmen, Industrialists, Farmers, Attorneys, Teachers and the Public in General

*These publications include the following:—*

- ★ Official Year Book of South Africa
- ★ Mineral Resources of South Africa
- ★ Die Afrikaanse Woordeboek
- ★ Ethnological Publications
- ★ Archives Year Book for South African History
- ★ Commerce and Industry *(Monthly)*

*Also*

- Geological Publications
- Acts and Regulations
- Maps
- Statistical Reports
- Wage Determinations
- Reports of Select Committees
- Departmental Reports *(Annual)*
- Commission Reports, etc.

**Further particulars regarding these publications and prices are obtainable from the GOVERNMENT PRINTER, Pretoria or Cape Town**

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Maak gebruik van die . . .*

# Posspaarbank!

wat

'n staatswaarborg, strenge geheimhouding en ongeëwenaarde fasiliteite in verband met inlaes en opvragings verskaf.

**Die rentekoers op inlaes in gewone rekenings is 2½% per jaar.**

**Op bedrae wat in Spaarbanksertifikate belê word, is die rente 4% per jaar.**

**R20,000 kan in Spaarbanksertifikate belê word.**

**OPEN VANDAG 'N REKENING!**

*Use the . . .*

# Post Office Savings Bank

which provides

state security; strict secrecy and unrivalled facilities for deposits and withdrawals.

**Deposits in ordinary accounts earn interest at 2½% per annum.**

**Amounts invested in Savings Bank Certificates earn interest at 4% per annum.**

**R20,000 may be invested in Savings Bank Certificates.**

**OPEN AN ACCOUNT TODAY!**

Die Staatsdrukker, Pretoria. The Government Printer, Pretoria.



1—712